



ROOIJAKKALS SKIETOEFENING

1. Inleiding

Die doel van hierdie oefening is om die skut geleentheid te bied om sy probleemdiër jagwapens binne die bepalings en voorwaardes van hierdie oefening te gebruik om hierdie spesifieke jagvaardigheid te skool en te onderhou. Vir die doel van die oefening is die fokus spesifiek op langer skote, alhoewel nader skote waarskynlik meer algemeen voorkom en aanbeveel word.

2. Teiken

Die Rooijakkals-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die diër mag na links of regs wys (anders-om gedruk)

3. Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Standaardbevele

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Kaliber

Enige senterslagkaliber.

6. Visiere of teleskope

Geen beperking op visiere of teleskope

7. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")

Vanaf **300 meter** word **vyf skote** in **5 minute** geskiet vanuit die lé posisie met vrye ondersteuning voor en agter (verwys na item 18.1.4). Die gebruik van skiettafels word nie toegelaat nie, uitgesonder vir gestremde skuts (verwys na item 18.1.5)


8. Telling

Met probleemdiërbeheer is dit algemeen aanvaarbare praktyk dat enige raakskoot suksesvol is en word die tel areas dienooreenkomstig op die teiken aangebring.

Skote wat die jakkals mis word gestraf omdat dit die diër slim maak en tel -5.

9. Erkenning

Skietbalkies met onderste afsny punte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **90, 105 en 120** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **150**.



Teiken werklike grootte: WxH = 750 x 500mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm ²	vs Hart
Hart	64 x 67	34	--
V-hart	38 dia	11	33 %
Brein/skedel	74 x 57	34	100 %
Sentrale long area	107 x 104	100	290 %
Groter long area	152 x 115	160	470 %

Nekwerwel: 30mm wyd

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.